

**KEURING VAN FRIESPERDE 2018**

1. Alle geboortes moet by die Kantoor van die S A Friesperdtelersgenootskap aangemeld word met DNA bewys en ‘n CEM sertifikaat van die hings.
2. Lede moet die Kantoor in kennis stel as hulle perde het om te keur.
3. ‘n Keurder besoek dan die stoet waar perde gekeur moet word.
4. Tydens keuring moet die keurder van die geboortekennisgewing (sertifikaat) of ‘n Hollandse sertifikaat voorsien word.
5. Perde word dan een- vir- een voorgebring vir keuring
6. Die keurders mag nie in die keuringsproses beïnvloed word nie en moet tyd gegun word om die dier behoorlik te kan punt, sodat daar ‘n rekordstelsel van die perd se algemene voorkoms gehou word.
7. Diere sal gepunt word volgens die puntstelsel op die keuringsverslag.
8. Die algemene rasstandaard van die Genootskap is die enigste vereiste tydens die keuringsproses.
9. ‘n Keurder moet die rasstandaard ten volle tydens keuring kan toepas en moet deeglike kennis, van die rasstandaarde hê .
10. Tydens keuring moet die keurder van ‘n skandeerder gebruik maak om seker te wees dat die mikroskryfie met die sertifikaat se nommer korrespondeer.
11. In die geval waar ‘n mikroskryfie onleesbaar is moet die perd oor “gechip” word. Indien die keurder enige bedrog of verwarring vermoed, moet daar DNA laat doen word.
12. Indien die dier bekend is, moet die keurder die perd “chip” en die nuwe nommer en die oorspronklike nommer aan die Kantoor deurgegee word om op die sertifikaat reggestel te word.
13. Indien die dier al reeds gekeur was moet daar ‘n nuwe sertifikaat met al die vorige skyfie nommers uitgereik word. Die eienaar is vir hierdie koste verantwoordelik.
- 14. Alle diere moet op 3 jaar voor keuring kom.**
15. Diere wat in ‘n swak kondisie is of van die veld kom, en waar die keurder twyfel, kan die keuring oorstaan tot die volgende jaar. Indien ‘n perd afgekeur word kan daar binne 3 weke na keuring appèl ingedien word, tesame met ‘n deposito van R300 per dier. Hierdie dier moet dan deur twee appèl keurders geïnspekteur word. ‘n Behoorlike verslag deur die appèl keurders moet dan aan die Raad vir beslissing van keuring, voorsien word .
16. Hingste wat afgekeur word kan weer na kastrasie gekeur word.
17. Koste van keuring per perd moet direk aan die Genootskap betaal word, of is vir die rekening van die lid. Die reis en verblyf -of vliegkoste moet aan die keurder betaal word. Reiskoste per kilometer soos deur die Raad vasgestel.
18. Die hoogte van merries aan die kant moet wees 155cm en by hingste 158cm en die hoogte van die hoef 8.5cm. As ‘n perd nog nie op 3 jaar hierdie hoogte het nie kan die perd die volgende jaar heraan gebied word vir keuring

**AANSOEK VIR KEURING 2018**

Naam en Van: .....

Tel: .....

Lidnr: .....

Dorp:.....GPS:.....

Hoeveelheid perde u aangebied vir keuring: .....

Name van perde :.....

.....

.....

.....

.....

Watter datum is vir u gelee .....

Keurders sal ‘n roete beplanning opstel en dit kan verskil van die tyd wat u pas maar die doel is om kostes te spaar vir u as teler.